
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met AGT vrae in totaal.

2. AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (60 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 4.2.1 en VRAAG 4.2.2. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID (90 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5.2 en VRAAG 5.3. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en neem kennis van wat vereis word.

5. By vrae waar 'n nasienrubriek verskaf word, neem kennis van wat vereis word.

6. Lees die AKSIEWERKWOORD in elke vraag om te sien wat vereis word.

   AKSIEWERKWOORDE WAT IN DIE VRAE GEBRUIK IS:
   LAEVLAK-VRAE: kies, definieer, verskaf, beskryf, identifiseer, bespreek, maak 'n lys van
   MEDIUMVLAK-VRAE: verduidelik, staaf, bespreek, skep, skryf, beskryf, voorstel
   HOËVLAK-VRAE: evalueer, verduidelik, staaf, analiseer, bespreek, skep, skryf, beskryf in hooftrekke, verskaf

7. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

8. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:

   - Slegs in een taal te skryf
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat wat in sekere vrae vereis word, te gebruik
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar nodig

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG**

**VRAAG 1: BESERINGS**

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.1.1 Fraktuur | A inflammasie in die tendons |
| 1.1.2 Gebarste vel | B 'n haarbreukie in die been |
| 1.1.3 Tendonitis | C 'n ligament wat buite sy omvang gedwing word |
| 1.1.4 Verstuiting | D skeurtjies in die spiere in die voorkant van die onderbeen |
| 1.1.5 Skeenbeensplinters | E skeurtjies in die vel wat deur droogheid veroorsaak word |

(5 x 1) (5)

1.2 Verduidelik hoe ELK van die volgende veilige danspraktyke beserings voorkom:

1.2.1 Toepassing van korrekte tegniek(e) (3)

1.2.2 Volg klaskonvensies (3)

1.3 Evalueer hoe die volg van 'n langtermynbehandelingsplan, gedurende die herstel van 'n besering, 'n danser kan beïnvloed. (4)
**[15]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID**

2.1 Definieer ELK van die komponente van fiksheid hieronder:

2.1.1 Krag (1)

2.1.2 Spieruithouvermoë (1)

2.1.3 Soepelheid (1)

2.1.4 Neuromuskulêre vaardighede (1)

2.2 Maak 'n lys van VIER maniere waarop 'n danser soepelheid, deur middel van strekking, kan verhoog. (4)

2.3 Verduidelik hoe die komponente van fiksheid vir goeie danstegniek voordelig is. Staaf jou antwoord met voorbeelde. (4)

2.4 Verwys na die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: https://twitter.com/NZschoolofdance/status/1592020957681848322]

2.4.1 Analiseer hoe die dansers kinestetiese bewustheid en ruimtelike bewustheid in die foto hierbo gebruik. (4)

2.4.2 Verduidelik hoe die dansers krag kon ontwikkel het om die beweging(s) wat in die foto hierbo getoon word, uit te voer. Staaf jou antwoord met voorbeelde. (4)

**[20]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG

3.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Watter voedsel is 'n hoofbron van proteïene?

A Aartappelskyfies
B Lemoene
C Bone
D Witbrood (1)

3.1.2 Watter EEN van die volgende word as 'n komplekse koolhidraat beskou?

A Hoender
B Bruinrys
C Olyfolie
D Tuna (1)

3.1.3 Watter voedselgroep verskaf noodsaaklike voedingstowwe vir gesonde bene?

A Suiwel
B Koolhidrate
C Groente
D Graan (1)

3.1.4 Watter bron reguleer liggaamstemperatuur?

A Avokado's
B Kafeïen
C Sjokolade
D Water (1)

3.1.5 Watter voedselgroep isoleer en beskerm die lewensbelangrike organe van die liggaam?

A Proteïene
B Vette
C Vrugte en groente
D Vesel (1)

3.2 Stel maniere voor waarop inklusiwiteit en diversiteit in die dansklas bevorder kan word. (5)
**[10]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: DANSOPVOERING**

4.1 Bespreek hoe toewyding, fokus en/of konsentrasie dansopvoering beïnvloed. (5)

4.2 Jy is gevra om jou skool se sosialemedia-rekeninge vir 'n komende talentvertoning te bestuur. Jou eerste taak is om opvoeringsvaardighede wat vir 'n dansoudisie benodig word, te beklemtoon.

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 4.2.1 en VRAAG 4.2.2. Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

4.2.1 Skep 'n visuele sosialemedia-plasing wat die belangrikheid van ELK van die opvoeringsvaardighede hieronder beklemtoon.

- Dinamiek
- Verpersoonliking
- Akuraatheid/Duidelikheid van beweging (10)

**LET WEL:** Jy hoef NIE kleur in jou ontwerp te gebruik NIE.

**NASIENRUBRIEK**

| | KRITERIA |
|---|---|
| **HOË VLAK 7–10** | • Kreatiewe ontwerp, visueel geskik vir sosiale media<br>• Diepgaande begrip van die opvoeringsvaardighede<br>• Uitstekende voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoeringsvaardighede is verskaf |
| **MEDIUM VLAK 4–6** | • Voldoende/Goeie ontwerp, sommige visuele aspekte geskik vir sosiale media<br>• Voldoende/Goeie begrip van die opvoeringsvaardighede<br>• Voldoende/Goeie voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoeringsvaardighede word verskaf |
| **LAE VLAK 0–3** | • Minimale/Geen ontwerp en minimale/geen begrip van visuele aspekte wat vir sosiale media geskik is (nie)<br>• Minimale/Geen begrip van die opvoeringsvaardighede (nie)<br>• Minimale/Geen voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoeringsvaardighede word verskaf (nie) |

**OF**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.2.2 Skryf 'n teks vir 'n sosialemedia-video wat die belangrikheid van ELK van die opvoeringsvaardighede hieronder beklemtoon.

- Oorgang/Vloei
- Uitdrukking
- Teenwoordigheid/Projeksie (10)

**NASIENRUBRIEK**

| **KRITERIA** | |
|---|---|
| **HOË VLAK 7–10** | • Uitstekende vloei van teks met geskikte taalgebruik vir sosiale media<br>• Diepgaande begrip van die opvoeringsvaardighede<br>• Uitstekende voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoeringsvaardighede word verskaf |
| **MEDIUM VLAK 4–6** | • Voldoende/Goeie vloei van teks met taalgebruik wat tot 'n mate geskik is vir sosiale media<br>• Voldoende/Goeie begrip van die opvoeringsvaardighede<br>• Voldoende/Goeie voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoeringsvaardighede word verskaf |
| **LAE VLAK 0–3** | • Minimale/Geen vloei van teks met minimale/geen begrip van taalgebruik vir sosiale media (nie)<br>• Minimale/Geen begrip van die opvoeringsvaardighede (nie)<br>• Minimale/Geen voorbeelde oor die belangrikheid van die opvoeringsvaardighede word verskaf (nie) |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

### VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

5.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 (Kanon/Asimmetrie) behels dat dansers dieselfde beweging-sekwens, die een na die ander, uitvoer. (1)

5.1.2 (Stilte/Oorgang) is 'n oomblik wat in 'n dans gebruik word om spanning of fokus te skep. (1)

5.1.3 (Ineengevlegte vorms/Motiewe) is vorms wat geskep word waar twee of meer dansers mekaar se negatiewe ruimte vul. (1)

5.1.4 (Klimaks/Simmetrie) is die hoogste punt van intensiteit, emosie of energie in 'n dansstuk. (1)

5.1.5 (Patroonvorming/Unisoon) behels dat alle dansers gelyktydig dieselfde bewegings uitvoer. (1)

5.1.6 (Herhaling/Sekwensie) verwys na die volgorde waarin bewegings, motiewe en frases saamgevoeg word. (1)

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5.2 en VRAAG 5.3.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

5.2 Bespreek hoe improvisasie jou vaardighede en vermoëns as 'n danser en/of choreograaf kan verbeter. (5)

**OF**

5.3 Bespreek hoe konvensionele en/of niekonvensionele opvoerruimtes choreografie affekteer. (5)

**LET WEL:** VRAAG 5.4 en VRAAG 5.5 is VERPLIGTEND.

5.4 Verduidelik die rol van navorsing wanneer 'n choreografie beplan word. (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.5 Die Departement van Onderwys is die gasheer vir 'n geleentheid wat op die belangrikheid van kunsopvoeding in skole sal fokus.

In reaksie op die advertensie hieronder, beskryf in hooftrekke jou idee vir 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk om vir kunsopvoeding voorspraak te maak.




(10)

**LET WEL:** Die nasienrubriek vir VRAAG 5.5 is op bladsy 10.

SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NASIENRUBRIEK**

| | **KRITERIA** |
|---|---|
| **HOË VLAK 7–10** | • Diepgaande begrip van 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk<br>• Uitstekende vermoë om 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk, wat vir kunsopvoeding voorspraak maak, in hooftrekke te bespreek<br>• Verskaf 'n wye verskeidenheid innoverende/kreatiewe voorbeelde om die idee te ondersteun |
| **MEDIUM VLAK 4–6** | • Voldoende/Goeie begrip van 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk<br>• Voldoende/Goeie vermoë om 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk, wat vir kunsopvoeding voorspraak maak, in hooftrekke te bespreek<br>• Verskaf 'n paar innoverende/kreatiewe voorbeelde om die idee te ondersteun |
| **LAE VLAK 0–3** | • Minimale/Geen begrip van 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk (nie)<br>• Minimale/Geen vermoë om 'n multidissiplinêre/interdissiplinêre opvoeringstuk, wat vir kunsopvoeding voorspraak maak, in hooftrekke te bespreek (nie)<br>• Verskaf minimale/geen voorbeelde om die idee te ondersteun (nie) |

**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID**

6.1 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| choreograaf; dansterapeut; dansnavorser; danskritikus; dansvideograaf; professionele danser |

6.1.1 Voer gechoreografeerde roetines in verskillende omgewings uit (1)

6.1.2 Skep danswerke om 'n bedoeling oor te dra (1)

6.1.3 Gebruik dans om mense te help om probleme wat verband hou met fisiese, emosionele en/of geestesgesondheidskwessies, op te los (1)

6.1.4 Woon dansvertonings by, evalueer en skryf resensies oor dansvertonings (1)

6.1.5 Raadpleeg argiewe, voer onderhoude met dansers en skryf artikels wat tot die akademiese begrip van dans bydra (1)

6.1.6 Neem visuele inhoud van dans op, redigeer dit en deel dit op digitale platforms (1)

6.2 Verduidelik die belangrikheid van die vaardighede wat nodig is om 'n dansonderwyser/dansinstrukteur te wees. Staaf jou antwoord met voorbeelde. (4)

6.3 As 'n Dansstudies-leerder het jy oor verskillende dansvorme geleer.

6.3.1 Identifiseer TWEE dansvorme. (2)

6.3.2 Beskryf hoe die volgende dansbeginsels verskillend gebruik word in die TWEE dansvorme wat in VRAAG 6.3.1 geïdentifiseer is:

- Gebruik van die kop
- Gebruik van die arms
- Swaartekrag
- Liggaamshouding (4 x 2) (8)

6.4 Gee 'n mening oor of die fusie/samesmelting van dansvorme vir dans voordelig is. Staaf jou antwoord. (5)

**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 7: DANSWERK**

Kies EEN danswerk wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* |
| George Balanchine | *Apollo* |
| Martha Graham | *Lamentation* |

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | *Bolero* **OF** *Cargo* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons* **OF** *Skeleton Dry* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |

Noem die danswerk wat jy gekies het en beantwoord die vrae wat volg.

7.1 Skryf 'n opstel waarin jy bespreek hoe die choreograaf produksie-elemente gebruik het om die simboliese betekenis van die danswerk te kommunikeer. (15)

**LET WEL:** Die nasienrubriek vir VRAAG 7.1 is op bladsy 13.

 SA EXAM PAPERS Proudly South African 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**NASIENRUBRIEK**

| KRITERIA | |
|---|---|
| **UITSTEKEND 12–15** | • Uitstekende vloei en organisering van inligting<br>• Diepgaande begrip van hoe produksie-elemente simboliese betekenis oordra<br>• Verskaf 'n wye verskeidenheid voorbeelde wat gestaaf is |
| **BEDUIDEND 10–11** | • Goeie vloei en organisering van inligting<br>• Goeie begrip van hoe produksie-elemente simboliese betekenis oordra<br>• Verskaf 'n verskeidenheid voorbeelde wat gestaaf is |
| **VOLDOENDE 8–9** | • Voldoende vloei en organisering van inligting<br>• Voldoende begrip van hoe produksie-elemente simboliese betekenis oordra<br>• Verskaf 'n aantal voorbeelde wat gestaaf is |
| **BEVREDIGEND 5–7** | • Basiese vloei en organisering van inligting<br>• Basiese begrip van hoe produksie-elemente simboliese betekenis oordra<br>• Verskaf 'n aantal voorbeelde wat gestaaf is/nie gestaaf is nie |
| **NIE BEHAAL NIE 0–4** | • Minimale/Geen vloei en organisering van inligting (nie)<br>• Minimale/Geen begrip van hoe produksie-elemente simboliese betekenis oordra (nie)<br>• Minimale/Geen voorbeelde word verskaf (nie) |

7.2 Verduidelik hoe die choreograaf ruimte en/of krag gebruik het om die tema(s) of idee(s) in die danswerk uit te beeld. (5)

7.3 Gee 'n mening oor of die danswerk 'n positiewe invloed in die hedendaagse konteks het. Staaf jou antwoord. (5)
**[25]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 8: CHOREOGRAAF**

Kies EEN choreograaf wat jy bestudeer het uit die voorgeskrewe lys hieronder.

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | INTERNASIONALE CHOREOGRAWE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | Alvin Ailey |
| Gregory Maqoma | Christopher Bruce |
| Hazel Acosta | George Balanchine |
| Mavis Becker | Martha Graham |
| Sylvia Glasser | |
| Veronica Paeper | |
| Vincent Mantsoe | |

Noem die choreograaf wat jy gekies het en beantwoord die vrae wat volg.

8.1 Verskaf inligting oor die agtergrond en vroëe dansopleiding van die choreograaf. (5)

8.2 Bespreek die choreograaf se persoonlike en artistieke invloede regdeur sy/haar professionele loopbaan. (5)

8.3 Evalueer die choreograaf se impak op die funksies van dans in die samelewing. (5)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 90**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African